



## UNIVERSITEIT STELLENBOSCH INDIVIDUELE TOEKENNINGS VIR ONDERRIG, LEER EN ASSESSERING 2023<sup>1</sup>

### 1. INLEIDING

'n Stelsel van institusionele toekennings vir uitnemende onderrig is in 2017 aan die US bekendgestel. Dit is gedoen op aanbeveling van die *Taakgroep vir die Bevordering en Erkenning van Onderrig*, welke aanbeveling in Junie 2015 deur die Senaat aanvaar is en tans hersien word. Die voorgestelde instrument vir sodanige erkenning van uitnemende onderrig was "n aantal toegewyde interne institusionele toekennings wat spesifiek erkenning gee aan onderrigprestasies, met die HELTASA-toekennings as 'n belangrike verwysingspunt".<sup>2</sup>

Die aanbevelings van die taakgroep het geput uit die *US Onderrig- en Leerbeleid (US O&L-beleid, 2018)*, wat tans saam met die *US Onderrig en Leerstrategie (US O&L-strategie, 2017)* hersien word. Dit is tradisioneel die grondslagdokumente waarop die toekennings gebaseer word. Aangesien dit hersien word, sal die huidige riglyne steeds uit die *US O&L-beleid (2018)* en die *US O&L-strategie (2017)* put. Om sommige van die veranderinge in en beginsels van onderrig, leer en assessering (OLA) egter meer op die voorgrond te plaas, sal die huidige riglyne ook uit die hersiene *O&L-situasieskrif (2022)* en die *Konsep- Hersiene O&L-beleid (2023)* put.

Weens al bogenoemde dokumenthersieninge, put hierdie oproep om aansoeke vir Individuele OLA-toekennings uit al die dokumente wat hersien word en sluit verwysings daarna in. Een van die veranderinge wat deur die huidige riglyndokument gebruik word, is die verwysing na OLA, uit die hersiene *Konsep- Hersiene O&L-beleid (2023)*. Die *O&L-situasieskrif (2022:2)*, wat die *Konsep- Hersiene O&L-beleid (2023)* voorafgegaan het, beklemtoon "die wegbeweeg van die beskouing van onderrig, leer en assessering as losstaande werksaamhede en eerder dat dit verskillende fasette van 'n geïntegreerde proses verteenwoordig, waarby doserende akademici en studente terselfdertyd betrokke is. Sodanige perspektief daag ook die veronderstelling uit dat onderrig slegs deur 'n 'doserende akademikus' (d.w.s. iemand wat onderrig gee) vergestalt word en dat leer slegs deur 'n 'student' (d.w.s. iemand wat leer) vergestalt word. Ander aspekte van studente en ook doserende akademici se lewens dra alles tot die leerproses binne en verder as die hoër onderwys by". Volgens die *Konsep- Hersiene O&L-beleid* word leer dus regdeur die hele lewensduur van individue (d.w.s. lewenslange leer) deur 'n verskeidenheid van verskillende soorte leergeleenthede (d.w.s. lewenswye leer) beliggaam en deur verskillende vlakke van leer (d.w.s. lewensdiep leer) (2023:4) verteenwoordig. Die *Konsep- Hersiene O&L-beleid (2023:5)* omskryf OLA dus as volg: "Gegronde daarop dat leer die sentrale konstruk is, word onderrig-leer-assessering

<sup>1</sup> In 2023 sal slegs die individuele OLA-toekennings vir aansoeke oopgestel word. Die toekennings vir onderrigsamewerking word tans hersien.

<sup>2</sup> Van 2023 af sal die HELTASA-toekennings deur die Nasionale Universiteitsonderrigtoekennings (National University Teaching Awards) (NUTA) vervang word.

beskou as 'n geïntegreerde, simbiotiese verwantskap wat binne die dissiplinê en US-kurrikulumkonteks gesitueer is."

## 1.1 Goeie en uitnemende onderrig

Ingevolge die *Konsep- Hersiene O&L-beleid* (2023), word nadenke praktyk as sinoniem met *goeie onderrig* beskou en is dit die norm aan die US. "Nadenkende praktisyns besin doelbewus en krities oor hulle onderrigpraktyk, en hersien en dokumenteer hulle professionele groei stelselmatig" (*Konsep- Hersiene O&L-beleid* (2023:7)). Hierdie siening van *goeie onderrig* stem ooreen met die siening in die *US O&L-beleid* (2018) en ook die *Aanbevelings van die Taakgroep vir die Bevordering en Erkenning van Onderrig* (2015:4), waar *goeie onderrig* in terme van "studentesukses"<sup>3</sup> beskryf word. *Nadenkende praktisyns* word dus regdeur die Universiteit as *goeie dosente* erken, maar kwalifiseer nog nie vir 'n toekennings vir uitnemende onderrig nie.

*Goeie onderrig* word deur alle stelsels van die Universiteit erken. *Uitnemende onderrig* word egter nie slegs erken nie, maar ook beloon en bevorder. Die *Konsep- Hersiene O&L-beleid* (2023:7) bepaal dat "die US die idee van uitnemendheid in onderrig-leer-assessering in die stelsels en kriteria vir die prestasiebeoordeling en bevordering van akademië in hulle OLA-rol, en ook in die institusionele beloningstelsels, inbou ...". Die omskrywing van *uitnemende onderrig* in die kriteria vir die Nasionale Universiteitsonderrigtoekennings (NUTA, 2023:9) (sien voetnoot 2) is as 'n riglyn vir hierdie dokument aanvaar en aangepas:

Uitnemende dosente is bewus van hulle konteks (wat verder strek as die onmiddellike omgewing) en dink na oor die maniere waarop hulle vakrigting, instelling, eie geskiedenis en studente se lewenservarings OLA beïnvloed. 'n Uitnemende dosent is 'n nadenkende praktisyn wat oor die jare doeltreffender geword het wat betref kennis van OLA, ervaring van onderrig en die fasilitering van leer, en stelselmatige waarnemings van wat in die klaskamer gebeur (onder meer hoe eksterne faktore studente raak) met die oog daarop om studentebetrokkenheid en leeruitkomst te verbeter. Uitnemende dosente toon 'n gewilligheid om met nuwe middele tot hulle beskikking te eksperimenteer, en integreer innoverende praktyke by hulle onderrig. 'n Uitnemende dosent beskik oor 'n duidelik verwoorde OLA-filosofie wat op opvoedkundige teorie berus en geskik is vir 'n universiteitsonderrigkonteks. Ervaring van onderrig kan sowel voor- as nagraadse vlakke insluit. 'Onderrig' kan in die breë vertolk word as onder meer kurrikulumontwerp en -lewering, waarvan laasgenoemde in die klas, aanlyn of deur materiaalontwikkeling kan geskied.

Die US Individuele OLA-toekennings is derhalwe 'n geleentheid om uitnemende OLA aan die Universiteit te erken, te beloon en te bevorder.

## 1.2 Uitgangspunte

Die uitgangspunte vir die toekennings sluit die volgende in:

- 'n Versoek om benoemings vir die institusionele toekennings vir uitnemendheid in OLA word jaarliks gedurende die tweede kwartaal onder die US akademiese gemeenskap versprei, met die oog op oorhandiging van die toekennings teen die einde van die akademiese jaar.
- In 2023, kan akademië slegs om 'n **individuele toekennings** aansoek doen. (Meer besonderhede oor die toekenningskategorieë word in Afdeling 3 en 5 verskaf.)

---

<sup>3</sup>Studentesukses word holisties as deel van 'n reis beskou (van ons eerste kontak met voornemende studente af totdat hulle gradueer en die rol van alumni opneem), waar studente op 'n transformerende studente-ervaring gelei en ondersteun word (CHE 2014:ii) (*Konsep- Hersiene O&L-beleid* (2023:5)).

- Die getal individuele toekennings per fakulteit word by benadering bereken op grond van die getal voltyds-ekwivalente permanente en tydelike onderrigpersoneel (die personeel van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe wat uit die provinsiale begroting vergoed word, ingesluit). Die getal benoemdes vir hierdie toekenning per fakulteit is as volg:
  - Krygskunde, Teologie, Regsgeleerdheid en Opvoedkunde: een benoeming elk
  - AgriWetenskappe, Ingenieurswese en Natuurwetenskappe: twee benoemings elk
  - Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: vier benoemings elk
- Die individuele toekennings word in twee kategorieë toegeken, naamlik **Vakkundige Opvoeder** en **Toonaangewende Onderwysvakkundige**. Volgens die *Konsep- Hersiene Onderrig- en Leerbeleid* (2023:7), "**ontwikkel die professionele OLA-rol** van *nadenkende praktisyne* tot *vakkundige opvoeders, vakkundige opvoeders en toonaangewende onderwysvakkundiges*". Die beleid onderskei tussen hierdie terme soos volg (2023:7):
  - **Vakkundige opvoeders** is *nadenkende praktisyne*<sup>4</sup> wat
    - uit opvoedkundige literatuur put om oor hulle OLA-praktyk en professionele groei na te dink;
    - verder as persoonlike besinning na waarneming en portuurbeoordeling van hulle OLA beweeg; en
    - die leiding in OLA-praktyk op departementele en institusionele vlak neem.
  - **Toonaangewende onderwysvakkundiges**
    - is vakkundige opvoeders wat tot die bestaande OLA-kennis bydra deur navorsing en publikasie in geloofwaardige gerefereerde en geakkrediteerde OLA-vaktydskrifte/-publikasies;
    - bied institusionele, nasionale en moontlik internasionale leierskap op die gebied van OLA-navorsing en -praktyk.

(Meer inligting oor die twee kategorieë word in Afdeling 3 en 5 gebied.)

  - In sowel die *Vakkundige Opvoeder*- as die *Toonaangewende Onderwysvakkundige*-kategorie word uitnemende OLA hoofsaaklik aan die hand van 'n **OLA-portefeulje** beoordeel. (Vir verdere inligting oor die OLA-portefeulje, raadpleeg Afdeling 5.)
  - Aansoekers word na 'n **onderhoud** met die institusionele keuringspaneel genooi. (Vir verdere inligting oor die onderhoud, raadpleeg Afdeling 4.)
  - Aansoekers in albei kategorieë moet 'n verslag van **ewekniewaarneming** van minstens een kontak- of sinchrone aanlyn onderrigssessie by hulle portefeulje insluit. (Raadpleeg 5.3.2a.)
  - Aansoekers in die kategorie *Vakkundige Opvoeder* moes reeds minstens een referaat by 'n **AvOL-konferensie of op enige ander institusionele OLA-platform** gelewer het; byvoorbeeld, by 'n Auxin.
  - Aansoekers in die kategorie *Toonaangewende Onderwysvakkundige* moes reeds minstens een referaat by 'n **AvOL-konferensie** gelewer het.
  - Aansoekers om 'n *Toonaangewende Onderwysvakkundige*-toekenning moet 'n **video-aanbieding** by hulle aansoek insluit. (Vir verdere inligting oor die aanbieding, raadpleeg Afdeling 4.)
  - Aansoekers in die kategorie *Toonaangewende Onderwysvakkundige* moes al oor hulle OLA **gepubliseer** het.
  - Die kriteria vir die beoordeling van uitnemende OLA strook met die kriteria vir die Nasionale Universiteitsonderrigtoekennings (NUTA).
  - Fakulteite se keuringsproses behoort teen die einde van die derde kwartaal van die akademiese jaar afgehandel te wees.

<sup>4</sup> "*Nadenkende praktisyne* besin doelbewus en krities oor hulle onderrigpraktyk, en hersien en dokumenteer hulle professionele groei stelselmatig." (*Konsep- Hersiene Onderrig- en Leerbeleid* (2023:7))

- 'n Institusionele aankondiging van die suksesvolle aansoekers word gedurende die vierde kwartaal gedoen en by 'n plegtigheid teen die einde van daardie kwartaal gevier.
- Die **toekenningsbedrag** kan van tyd tot tyd aangepas word na gelang van die beskikbare finansiering, maar word op R20 000 per individuele toekenning vasgestel.
- Die toekennings word in die suksesvolle aansoekers se salarisrekening inbetaal. Belasting word op die gewone manier afgetrek.

## 2. DOELWITTE VAN DIE TOEKENNINGS

Die doelwitte van die toekennings is:

- om op institusionele vlak steun vir uitnemende OLA in die hoër onderwys te toon;
- om 'n akademiese korps te skep wat in hulle vakrigtings én oor die instelling heen inspirasie en leiding in OLA kan bied;
- om gesprekvoering oor, en openbare bewustheid van, die betekenis van uitnemende onderrig vir die bevordering van kennis in diens van die samelewing<sup>5</sup> aan te wakker;
- om die akademieskap<sup>6</sup> van onderrig en leer te bevorder;
- om die ontwikkeling van professionele dosente in hulle OLA-rol en die vakkundigheid van hulle OLA-praktyk in die hand te werk; en
- om waardering te skep vir lesse wat geleer word in plaas daarvan om slegs aan suksesse waarde te heg.

## 3. GESKIKTHEID

**Alle onderrigpersoneel** – sowel permanente as kontrakaanstellings – kom vir die US Individuele OLA-toekennings in aanmerking.

Volgens die *Konsep- Hersiene O&L-beleid* (2023:7), word nadenkende praktyk as sinoniem met *goeie onderrig* beskou (sien omskrywing in Afdeling 1) en is die norm aan die US. *Nadenkende praktisyns* word dus oor die Universiteit heen as goeie dosente erken, maar kom nog nie vir 'n toekenning vir *uitnemende onderrig* (sien omskrywing in Afdeling 1) in aanmerking nie.

Die **toekenning vir Vakkundige Opvoeder** is bedoel vir akademici wat in hulle onderrig as *vakkundige opvoeders* optree. (Vergelyk asseblief die omskrywing in Afdeling 1.2.) Hierdie toekenning kan slegs eenmalig ontvang word.

Die **toekenning vir Toonaangewende Onderwysvakkundige** is bedoel vir akademici wat in hulle onderrig as *toonaangewende onderwysvakkundiges* optree. (Vergelyk asseblief die omskrywing in Afdeling 1.2.) Hierdie toekenning kan een keer elke vyf jaar ontvang word.

'n Individu behoort self die toekenning te identifiseer waarom hulle wil aansoek doen en moet dit op die voorblad van die aansoek aandui. ('n Templaat vir die voorblad word voorsien.) Die fakulteits- of institusionele keuringspaneel kan nietemin 'n aansoek na 'n ander kategorie verskuif, met ander woorde, 'n aansoek kan van die vlak van *Vakkundige Opvoeder* na dié van *Toonaangewende Onderwysvakkundige* verskuif word, of andersom. Indien die institusionele keuringspaneel 'n aansoeker

<sup>5</sup> Die US sien homself as “Afrika se voorste navorsingintensiewe universiteit, wêreldwyd erken as uitnemend, inklusief en innoverend, waar ons kennis in diens van die samelewing bevorder” (US Visie 2040).

<sup>6</sup> In die *Konsep- Hersiene O&L-beleid* (2023:4) word ‘akademieskap’ omskryf as “die skakeling van praktyk met teorie en teorie met praktyk, saamgevat deur die dimensies van **ontdekking, integrasie, toepassing en onderrig**”. (Boyer, E.L. 1990. *Scholarship Reconsidered: Priorities of the Professoriate*. Spesiale Verslag. Carnegie Foundation for the Advancement of Teaching: 5-25.)

se portefeulje, vergeleke met die kriteria, as 'belowend' eerder as 'ontwikkeland' of 'uitmuntend' beskou (sien Afdeling 6), kan die aansoek vir verdere portefeulje-ontwikkeling na die betrokke fakulteit terugverwys word.

#### 4. AANSOEK- EN KEURINGSPROSES

- Die kantoor van die Viserektor (Leer en Onderrig) stuur die versoek om aansoeke gedurende die tweede kwartaal van die akademiese jaar aan die dekane en visedekane (Leer en Onderrig) (of gelykstaande persone) van elke fakulteit. Die versoek sit die doelwitte van die toekennings en die prosesse vir die toekenning daarvan uiteen.
- Die dekane en visedekane (Leer en Onderrig) (of gelykstaande persone) van elke fakulteit word gevra om die versoek onder alle akademiese personeellede (permanente en kontrakaanstellings) te versprei.
- Ooreenkomstig die *Konsep- Hersiene O&L-beleid (2023:7)*, dien die OLA-portefeulje as die vernaamste instrument om onderriguitnemendheid te beoordeel. Die adviseurs van die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) kan fakulteite op versoek met portefeulje-ontwikkeling bystaan.
- Elke fakulteit identifiseer moontlike benoemdes en reël hulle eie interne prosesse om aansoekers te keur. (Akademië kan ook hulleself benoem.) Die fakulteitskeuringspanele behoort die fakulteit se SOL-adviseur in te sluit.
- Daar word aanbeveel dat fakulteitskeuringspanele van aansoekers vereis om 'n portefeulje in te dien wat aan die kriteria vir institusionele keuring voldoen. (Raadpleeg Afdeling 5 en 6.) Fakulteitspanele moet benoemdes van terugvoer oor hulle portefeuljes voorsien en hulle genoeg tyd gun om hulle portefeuljes te hersien voordat dit vir institusionele keuring ingedien word. Benoemdes word aangemoedig om kritiese advies en terugvoer van SOL- of ander kollegas in te win.
- Die **sluitingsdatum** vir die **indiëning van aansoeke by die institusionele keuringspaneel** is **31 Oktober 2023**.
- 'n Institusionele keuringspaneel van alle visedekane (Leer en Onderrig) (of 'n verteenwoordiger) en kollegas uit die Afdeling Leer- en Onderrigverryking word deur die Viserektor (Leer en Onderrig) of hulle afgevaardigde aangestel en gelei. Hierdie paneel beoordeel aansoekers se OLA-uitnemendheid aan die hand van die volgende:
  - 'n **Vergelykende oorsig van OLA-portefeuljes** in die kategorieë *Vakkundige Opvoeder* en *Toonaangewende Onderwysvakkundige* volgens die kriteria in Afdeling 6. Elke portefeulje word deur twee paneellede beoordeel, waarna die volle paneel die beoordelings by die institusionele keuringsvergadering bespreek.
  - 'n **Video-aanbieding** van 10 minute deur elke aansoeker in die kategorie *Toonaangewende Onderwysvakkundige*, wat saam met die OLA-portefeulje ingedien word. Die doel van die aanbieding is om aspekte van aansoekers se portefeuljes wat hulle as besonder belangrik beskou, te beklemtoon. Aansoekers kan die aanbieding ook gebruik om ander, nieportefeuljeverwante inligting oor te dra, byvoorbeeld, hulle passie vir onderrig en die redes daarvoor.
  - 'n **Onderhoud** van 10 minute met elke aansoeker tydens die institusionele keuringsvergadering. Die paneel stel vrae oor aspekte van die aansoeker se portefeulje wat opklaring vereis.
- Alle aansoekers ontvang skriftelike terugvoer van die institusionele keuringspaneel oor hulle portefeuljes, video-aanbiedings en onderhoude.
- Suksesvolle aansoekers word in die vierde kwartaal van hulle keuring in kennis gestel en ontvang hulle toekennings by 'n plegtigheid aan die einde van daardie kwartaal.
- Suksesvolle aansoekers in die kategorie *Toonaangewende Onderwysvakkundige* kan aangemoedig word om in die daaropvolgende jaar om die Nasionale Universiteitsonderrigtoekennings aansoek te doen. Aansoekers wat potensiaal toon om vir 'n NUTA-toekenning benoem te word, sal ondersteun word om hulle portefeuljes verder te ontwikkel.

## 5. ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSPORTEFEULJE: FORMAAT EN RIGLYNE

### 5.1 Aansoeke om US Individuele OLA-toekennings

Ooreenkomstig die *Konsep- Hersiene O&L-beleid* (2023:7), dien die **OLA-portefeulje** as die hoofinstrument waarvolgens onderriguitnemendheid beoordeel word.

Aansoekers moet 'n OLA-portefeulje indien wat uit 'n **nadenkende narratief** en stawende **bewyse** bestaan (sien 5.1.2, 5.1.3 en 5.2). Aangesien die portefeulje 'n lewende dokument is, moet dit oordenkings oor die verlede, hede en toekoms van die aansoeker se onderrig in die hoër onderwys (en daarom ook oor hulle loopbaan voordat hulle by die US begin werk het) insluit. Die portefeulje behoort dus die aansoeker se vorige OLA en professionele groei, huidige OLA en professionele groei, en doelwitte vir OLA en professionele groei in te sluit.

'n Omvattende portefeuljehulpbron is op die SOL-webtuiste by <http://www0.sun.ac.za/ctlresources/teaching-portfolio/> te kry. Die SOL-fakulteitsadviseurs kan aansoekers deur middel van individuele konsultasies of werksessies met portefeuljesamestelling bystaan. Akademici met ervaring van die samestelling van 'n OLA-portefeulje kan versoek word om as medefasiliteerders van werksessies oor portefeulje-ontwikkeling op te tree.

#### 5.1.1 Formaat

Portefeuljes kan **in pdf-formaat óf in 'n digitale formaat** van die aansoeker se keuse ingedien word. Vir digitale portefeuljes kan die voorskrifte oor die volgorde van komponente, getal bladsye en voorblad aangepas word, mits die digitale weergawe steeds alle vereiste elemente vir portefeuljes in pdf-formaat bevat. (Verdere inligting oor die digitale portefeulje volg hieronder én onder die evalueringskriteria in Afdeling 6.)

Die gemengdeleerkoördineerder of gelykstaande professionele steunpersoneellede in fakulteite kan om hulp met die ontwikkeling van digitale portefeuljes genader word. Die portefeuljehulpbron op die SOL-webtuiste by <http://www0.sun.ac.za/ctlresources/teaching-portfolio/> kan ook geraadpleeg word.

- Portefeuljes moet 'n ingevulde **voorblad** met die handtekening van die dekaan van die fakulteit insluit. ('n Templaar vir die voorblad sal saam met die versoek om aansoeke voorsien word.)
- Ná die voorblad moet 'n **foto** van die aansoeker en 'n verkorte **curriculum vitae** (twee bladsye) volg. Die curriculum vitae behoort die aansoeker se OLA en professionele groei in die hoër onderwys te beklemtoon.
- Die portefeulje self moet uit twee dele bestaan:
  - 'n **Nadenkende narratief** oor die aansoeker se OLA-praktyk (wat hulle doen, hoe, en veral waarom). (Raadpleeg 5.1.2 vir meer besonderhede.) Die narratief kan in pdf-, digitale of multimediaformaar (soos 'n digitale verhaal) wees. Indien die narratief in pdf-formaat is, behoort dit hoogstens 20 en minstens 10 bladsye te beslaan. Indien die narratief in 'n digitale of multimediaformaar is, behoort dit nie langer as 50 minute te duur vir die leser om dit aandagtig deur te werk nie (wat luister- of kyktyd vir enige klank- of videogrepe insluit). Alle aansprake in die narratief moet met bewyse gestaaf word.
  - Die **bewyse** kan in die vorm van bondige voorbeelde in die nadenkende narratief self en/of verwysings/hiperskakels na bylaes wees. (Raadpleeg 5.1.3 vir meer besonderhede.) Bylaes in 'n pdf-formaat moet hoogstens 30 bladsye beslaan. Indien die bylaes in 'n digitale of multimediaformaar is, behoort dit nie langer as 30 minute te duur vir die leser om dit aandagtig

deur te werk nie. Indien die bylaes sowel pdf- as multimediamateriaal (klank- of videogrepe) insluit, behoort dit nie langer as 30 minute te duur om alle inhoud deur te werk nie.

- Indien die narratief en/of bylaes die **maksimum lengte** oorskry, sal die fakulteits- en institusionele keuringspaneel slegs inhoud tot en met bogenoemde perke vir elke afdeling oorweeg.
- Portefeuljes in pdf-formaat moet 'n **lettergrootte** van 11 en **reëlspasiëring** van 1.5 gebruik.
- Multimedia-insetsels met **klankinhoud** moet duidelik hoorbaar wees.
- **Onvolledige aansoeke** sal nie vir 'n toekenning in ag geneem word nie. Die fakulteits- en institusionele keuringspaneel sal egter terugvoer gee aan benoemdes wat onvolledige aansoeke ingedien het.
- Aangesien die institusionele keuringspaneel 'n verskeidenheid vakrigtings verteenwoordig, moet aansoekers dit wat hulle onderrig uitnemend maak op 'n **algemeen toeganklike** manier verwoord.

### 5.1.2 Nadenkende Narratief

**Nadenkendheid, 'n kritiese ingesteldheid en (OLA-)praktyk** is die spil waarom die voorstelling van uitnemende OLA in aansoeke om hierdie toekennings draai.

Die nadenkende narratief behoort te beskryf **hoe** die aansoeker OLA bedryf en **waarom** hulle dit op daardie manier doen. Die klem van die narratief val dus op 'n kritiese besinning oor alle aspekte van die aansoeker se OLA-praktyk. Die kern van hierdie besinning is die aansoeker se OLA-filosofieverklaring. Indien die aansoeker nie vertrouwd is met die konsep of praktyk van *kritiese besinning* en/of nog nie voorheen 'n OLA-filosofieverklaring opgestel het nie, kan die SOL-adviseur in die betrokke fakulteit om hulp genader word.

Die nadenkende narratief behoort ook die aansoeker se **professionele groei** te toon, veral wat die akademieskap van hulle onderrig en leer<sup>7</sup> betref. Die narratief behoort dus nie slegs suksesse of prestasies in te sluit nie, maar – veral – ook uitdagings, foute en lesse wat geleer is. Daarbenewens moet die narratief aandui hoe aansoekers beplan om verder professioneel te groei – nie net in hulle OLA-praktyk nie, maar ook in hulle akademieskap van onderrig en leer.

Die narratief moet op **opvoedkundige literatuur** berus. (Raadpleeg die vereistes vir die twee toekenningskategorieë in Afdeling 3 én die evalueringskriteria in Afdeling 6.) Die SOL-fakulteitsadviseurs en die aanlyn SOL-portefeuljehulpbron (<http://www0.sun.ac.za/ctlresources/teaching-portfolio/>) kan verdere bystand bied.

Aansoekers behoort krities oor die volgende vier elemente te besin:

#### a) Konteks

Vir die doel van hierdie dokument verwys *konteks* na wat dit beteken om op hierdie tydstip op die Afrikavasteland, in Suid-Afrika en by die US 'n dosent in die hoër onderwys te wees. Dit het betrekking op die bevordering van **kritiese burgerskap** in programme, wat OLA behels wat maatskaplike geregtigheid bevorder en breedweg met demokratiese verandering in die samelewing verband hou. OLA moet dus waardes soos verdraagsaamheid, diversiteit, menseregte en demokrasie in studenteleer uitbeeld en modelleer (Bitzer & Costandius, 2018:4). Die versterking van kritiese burgerskap in leer vereis boonop OLA wat belangrike maatskaplike kwessies soos billikheid, maatskaplike samehorigheid en menslike verhoudingskapitaal aanroer (Bitzer & Costandius, 2018:5).

---

<sup>7</sup>Hou asseblief die vereistes van die twee individuele toekennings in gedagte, soos in Afdeling 3 uiteengesit.

*Konteks* sluit ook die lesse wat vir OLA uit Covid-19 geleer is, in. Aansoekers behoort oor die uitdagings en geleenthede verbonde aan sowel hulle eie as hulle studente se kontekste te besin.

Om hulle te help nadink, kan aansoekers hulleself vrae soos die volgende afvra:

Waar vind my OLA plaas? Watter makro-, meso- en mikrokwessies moet ek in my OLA in ag neem? Hoe weerspieël my kurrikulumbesluite en OLA-benaderings die geografiese, historiese en maatskaplike konteks van my klaskamer? Op watter maniere bevorder of beperk my konteks hoe ek OLA bedryf? Hoe integreer ek belangrike plaaslike en aktuele kwessies by my kurrikulum? Watter institusionele, studente-, professionele, nasionale en internasionale kontekstuele kwessies beïnvloed my OLA-konteks? Hoe roer my kurrikulum kwessies aan wat die planeet raak? Watter veranderinge het ek aan die kurrikulum aangebring om seker te maak dat dit vir my konteks gepas is? Hoe bevorder my OLA 'n bewustheid/besef van die groter wêreldkonteks? Watter soort waardes word deur my kurrikulum verteenwoordig? Vir watter soort land rus ek my studente toe?

## **b) Studente**

Om hulle te help nadink, kan aansoekers hulleself vrae soos die volgende afvra:

Wie is my studente? Hoe sorg ek deur my OLA dat alle studente ingesluit voel en aktief by hulle eie leer betrek word? Hoe vind ek uit watter ervarings/kwessies my studente met hulle saambring klas toe? Hoe gee ek klas en assessee ek sodat studente aangemoedig voel om aan kennisproduksieprosesse deel te neem? Hoe hanteer ek die uitdaging van wisselende vlakke van studentevorbereiding in my kurrikulum? In watter opsigte bied my kurrikulumstruktuur voldoende ondersteuning aan studente? Hoe ontwikkel ek studente se vermoëns en berei ek hulle voor om kritiese burgers van die toekoms te wees? Hoe rus ek my studente met die US se graduandi-eienskappe toe? Watter verryking is daar in my kurrikulum en OLA-strategie vir studente met uitsonderlike vermoëns? Hoe pas ek my OLA aan na aanleiding van my studente se terugvoer? Hoe vertolk ek die suksesdata van my studente in die konteks van my kurrikulum- en OLA-strategie?

## **c) Kennis**

Om hulle te help nadink, kan aansoekers hulleself vrae soos die volgende afvra:

Wat is my vakrigting/beroep en wat is die belangrikste kenmerke daarvan? Met watter aspekte van die kursus of program sukkel my studente, en hoe hanteer ek dit deur my OLA-benadering? Hoe maak ek die praktyke van die vakrigting en/of beroep deur my OLA-benaderings vir almal toeganklik? Op watter maniere stel my OLA studente in staat om toegang tot die vakrigting te bekom? Wat doen ek om te sorg dat my studente tot kennisproduksie kan bydra, en nie net tot kennisverbruik nie? Hoe bring ek my kennis van my vakrigting met die samelewing in verband? Hoe sorg ek dat ek dissiplinêre diepte behou? Watter invloed het my aktiewe akademieskap op my OLA? Hoe verbeter my bydraes tot die vakrigting my OLA?

## **d) Groei**

Om hulle te help nadink, kan aansoekers hulleself vrae soos die volgende afvra:

Watter vernuwende benaderings verryk my OLA? Hoe gebruik ek tegnologie om my studente se ervaring te verbeter en hulle belangrike konsepte beter te laat verstaan? Hoe gebruik ek alternatiewe OLA-tegnieke, byvoorbeeld, generatiewe kunsmatige intelligensie (KI), om studentebetrokkenheid te verbeter? Hoe gaan ek te werk om my eie OLA krities te evalueer? Hoe gaan ek te werk om aktief ewekniebeoordeling en -kritiek te bekom om my OLA te verryk? Hoe het ek metertyd in 'n uitnemende dosent ontwikkel? Hoe het ek metertyd in 'n kritiese burger ontwikkel? In watter opsig(te) dra ek tot kurrikulumontwikkeling by? Hoe bevorder my benadering tot assessering studenteleer? Hoe dra my akademieskap tot ontwikkeling binne (én buite) die instelling by?



Die stelle vrae hierbo behoort aansoekers te help dink aan die soort kwessies waaroor hulle dalk krities wil besin. Hoewel aansoekers 'n mate van besinning oor ál vier elemente moet toon, word die vrae slegs voorsien om gedagtes te stimuleer – aansoekers hoef nie elke vraag te beantwoord nie. Aansoekers hoef ook nie met betrekking tot ál vier elemente toppresterders te wees nie, maar moet soveel moontlik aspekte van hierdie elemente in hulle portefeuljes aanroer. Dit behoort duidelik en saaklik te geskied.

Verdere riglyne vir die inhoud van die narratief word as deel van die riglyne vir bewyse hieronder uiteengesit.

### 5.1.3 Bewyse

Aansprake wat in die nadenkende narratief gemaak word, moet met bewyse gestaaf word wat aan die hand van die evalueringskriteria gekies is (raadpleeg Afdeling 6). Die bewyse kan die vorm aanneem van **bondige voorbeelde in die narratief** self, en **saaklike bylaes** met langer voorbeelde en ander stawende inligting. Bylaes behoort slegs bewyse vir spesifieke stellings of aansprake in die narratief in te sluit. Bewyse behoort dus oordeelkundig gekies te word, en die narratief moet direkte verwysings of hiperskakels na alle bylaes bevat.

Die bewyse behoort te toon in watter opsigte die aansoeker se OLA *uitnemend* eerder as net *goed* is, en hoe die aansoeker van *goed* tot *uitnemend* ontwikkel het.<sup>8</sup>

Die SOL-fakulteitsadviseurs kan bystand verleen met die keuse van bewyse en die samestelling van bylaes.

#### a) **Toonaangewende Onderwysvakkundige-kategorie**

Bewyse van uitnemende onderrig in die kategorie *Toonaangewende Onderwysvakkundige* behoort in te sluit die aansoeker se OLA-praktyk, professionele groei, betrokkenheid by die akademieskap van onderrig en leer (met inbegrip van verbandhoudende publikasies), en leierskap in die aansoeker se fakulteit, by die instelling en verder, soos wat hieronder uiteengesit word:

#### – **Inligting oor die aansoeker en hulle OLA-konteks (raadpleeg 5.1.2):**

- Die aansoeker se pos by die instelling; deel-/voltyds, permanent/kontrak; vakrigting en module(s); grootte van klasse
- Die aansoeker se OLA-konteks, byvoorbeeld, Stellenbosch-/ander kampus; gebiede met die meeste uitdagings; bemagtigende faktore; buite-/maatskaplike faktore wat OLA en studente beïnvloed (byvoorbeeld, generatiewe KI)
- Maniere waarop die aansoeker in die diverse studentekorps se behoeftes voorsien met betrekking tot kontak- en aanlyn OLA (aansoekers moet die drie belangrikste maniere kies en die rede vir hulle keuse verduidelik)
- Die aanpassing van kurrikulums en OLA-materiaal by die Suid-Afrikaanse en ná-Covid-19-konteks (raadpleeg 5.1.2)
- Hoe die aansoeker hoë, dog realistiese, eise aan studente stel en kritiese denke bevorder
- Hoe die aansoeker studente aanmoedig om vir hulle eie leer verantwoordelikheid te aanvaar
- Eweknieterugvoer van kollegas, wat 'n verslag van waarneming van minstens een kontak- of sinchrone aanlyn OLA-sessie insluit

---

<sup>8</sup>Uitnemende en goeie onderrig word in Afdeling 1 omskryf.

- Uittreksels uit studenteterugvoer (formeel of informeel)
- Studentesuksesdata (raadpleeg voetnoot 3)
- Artefakte soos moduleraamwerke, kort uittreksels uit studiehandleidings, voorbeelde van innoverende studenteassesserings, aanlyn materiaal (webtuistes, blogs, ens.), multimedia (video's, digitale verhale, ens.), foto's
- Suksesse behaal en – veral ook – lesse geleer

**- Inligting oor die aansoeker se betrokkenheid by die akademieskap van onderrig en leer wat 'n wyer impak het in die aansoeker se fakulteit, by die Universiteit en verder, en wat die volgende insluit (maar nie daartoe beperk is nie):**

- Referate oor OLA wat die aansoeker by konferensies gelewer het, onder meer minstens een by 'n AvOL-konferensie (as die aansoeker meer as twee referate gelewer het, moet hulle die opsommings kies van die twee referate/aanbiedings wat hulle as hulle beste beskou, en hulle keuse verduidelik)
- Publikasies oor OLA wat die aansoeker geskryf het (as die aansoeker meer as twee publikasies geskryf het, moet hulle die opsommings kies van die twee artikels/publikasies wat hulle as hulle beste beskou, en hulle keuse verduidelik)
- Lidmaatskap van professionele verenigings (OLA- of vakkundige verenigings) waartoe die aansoeker beduidende bydraes lewer, te oordeel aan bewese konferensiebywoning, gelewerde referate, beoordelingsaktiwiteite, en lidmaatskap van spesiale belangegroepes of die uitvoerende komitee
- Interne/eksterne moderering van eksamens en verhandelings/tesisse
- Bydraes tot universiteits- en nasionale/internasionale komitees (aansoekers moet die name van die komitees verstrek en bewys lewer van hulle bydraes en impak)
- 'n Lys formele en informele voortgesette professionele leergeleenthede op die gebied van OLA waarvan die aansoeker gebruik gemaak het, en 'n aanduiding van die impak van hierdie geleenthede op die aansoeker se OLA
- 'n Lys studente of personele vir wie die aansoeker as mentor of studieleier op die gebied van OLA op(ge)tree (het)
- 'n Lys toekennings wat die aansoeker vir OLA ontvang het, indien van toepassing
- 'n Lys vaktydskrifte oor OLA waarvoor die aansoeker artikels beoordeel het, indien van toepassing
- Hoe die aansoeker hulle kennis en ervaring van OLA toegepas het op, of uitgebrei het na, hulle departement, fakulteit, die Universiteit, en die groter leeromgewing
- Hoe die aansoeker leiding (ge)gee (het) op OLA-gebied: in hulle fakulteit, institusioneel, en verder
- Die aansoeker se bydraes tot die hantering van maatskaplike kwessies

**b) Vakkundige opvoeder**

Bewyse van uitnemende OLA in die kategorie *Vakkundige Opvoeder* behoort in te sluit die aansoeker se OLA-praktyk, professionele groei, en betrokkenheid by die akademieskap van onderrig en leer (**publikasies word nie vereis nie**), soos wat hieronder uiteengesit word:

**- Inligting oor die aansoeker en hulle OLA-konteks (raadpleeg 5.1.2):**

- Die aansoeker se pos by die instelling; deel-/voltyds, permanent/kontrak; vakrigting en module(s); grootte van klasse

- Die aansoeker se OLA-konteks, byvoorbeeld, Stellenbosch-/ander kampus; gebiede met die meeste uitdagings; bemagtigende faktore; buite-/maatskaplike faktore wat OLA en studente beïnvloed (byvoorbeeld, generatiewe KI)
- Maniere waarop die aansoeker in die diverse studentekorps se behoeftes voorsien met betrekking tot kontak- en aanlyn OLA (aansoekers moet die drie belangrikste maniere kies en die rede vir hulle keuse verduidelik)
- Die aanpassing van kurrikulums en OLA-materiaal by die Suid-Afrikaanse en ná-Covid-19-konteks (raadpleeg 5.1.2)
- Hoe die aansoeker hoë, dog realistiese, eise aan studente stel en kritiese denke bevorder
- Hoe die aansoeker studente aanmoedig om vir hulle eie leer verantwoordelikheid te aanvaar
- Eweknieterugvoer van kollegas, wat 'n verslag van waarneming van minstens een kontak- of sinchrone aanlyn OLA-sessie insluit
- Uittreksels uit studenteterugvoer (formeel of informeel)
- Studentesuksesdata (raadpleeg voetnoot 3)
- Artefakte soos moduleraamwerke, kort uittreksels uit studiehandleidings, voorbeelde van innoverende studenteassesserings, aanlyn materiaal (webtuistes, blogs, ens.), multimedia (video's, digitale verhale, ens.), foto's
- Suksesse behaal en – veral ook – lesse geleer

**- Inligting oor die aansoeker se betrokkenheid by die akademieskap van onderrig en leer wat 'n wyer impak het in die aansoeker se fakulteit, by die Universiteit en verder, en wat die volgende insluit (maar nie daartoe beperk is nie):**

- Minstens een referaat oor OLA wat die aansoeker by 'n AvOL-konferensie of enige ander institusionele OLA-platform, byvoorbeeld, by 'n Auxin, gelewer het (aansoekers moet die opsomming kies van die referaat/aanbieding wat hulle as hulle beste beskou, en hulle keuse verduidelik)
- Publikasies oor OLA wat die aansoeker geskryf het (aansoekers moet die opsomming kies van die artikel/publikasie wat hulle as hulle beste beskou, en hulle keuse verduidelik)
- Lidmaatskap van professionele verenigings (OLA- of vakkundige verenigings)
- Interne/eksterne moderering van eksamens en verhandelings/tesisse, indien van toepassing
- Bydraes tot universiteits- en nasionale/internasionale komitees (aansoekers moet die name van die komitees verstrek en bewys lewer van hulle bydraes en impak)
- 'n Lys formele en informele voortgesette professionele leergeleenthede op die gebied van OLA waarvan die aansoeker gebruik gemaak het, en 'n aanduiding van die impak van hierdie geleenthede op die aansoeker se OLA
- 'n Lys studente of personele vir wie die aansoeker as mentor of studieleier op die gebied van OLA op(ge)tree (het)
- 'n Lys toekennings wat die aansoeker vir OLA ontvang het, indien van toepassing
- 'n Lys vaktydskrifte oor OLA waarvoor die aansoeker artikels beoordeel het, indien van toepassing
- Hoe die aansoeker hulle kennis en ervaring van OLA toegepas het op, of uitgebrei het na, hulle departement, fakulteit, die Universiteit, en die groter leeromgewing
- Hoe die aansoeker leiding (ge)gee (het) op OLA-gebied: in hulle fakulteit, institusioneel, en verder
- Die aansoeker se bydraes tot die hantering van maatskaplike kwessies

## **6. EVALUERINGSKRITERIA**

### **6.1 Aansoeke om Individuele OLA-toekennings**

Die fakulteits- en institusionele keuringspanele sal die volgende rubrieke gebruik om OLA-uitnemendheid in die twee kategorieë van die individuele toekennings te evalueer:

### 6.1.1 Toonaangewende Onderwysvakkundige

Kontekstuele Bewustheid	Kritiese Besinning	Studente-betrokkenheid	Innoverende Praktyk	Akademie-skap van Onderrig en Leer	Leierskap	Samehang	Aanbieding
<p>Toon hoogs ontwikkelde kritiese bewustheid van 1) samelewings- en individuele kontekste waarin OLA plaasvind, en 2) die impak van hierdie kontekste op OLA. Die kontekste sluit in dié van aansoeker, studente, en die lesse uit Covid-19 geleer. Toon insig in studente se behoeftes, bv. keuse van OLA-metodes.</p>	<p>Onderzoek en bevraagteken OLA-praktyk, - kontekste, studente, kennis en eie groei (waaronder leierskap) oor tyd. Onderzoek en bevraagteken uitdagings en geleenthede verbonde aan kunsmatige intelligensie vir sowel aansoeker as studente. Oorweeg OLA-geleenthede in eweknie- en studenteterugvoer. Evalueer rol van kritiese burgerskap in OLA-filosofie en kurrikulums, en hoe verwante waardes gemodelleer word. Integreer relevante opvoedkundige literatuur in OLA-filosofie en -praktyk.</p>	<p>Betrek studente konsekwent en doeltreffend by OLA. Maak studente konsekwent deel van hulle eie kontak- én aanlyn leer. Toon impak van studente-betrokkenheid op OLA. Moedig kritiese bewustheid van en betrokkenheid by kontekste en burgerskap aan.</p>	<p>Gebruik kreatiewe en relevante kontak-, aanlyn en KI-verwante OLA-strategieë om studenteleer te bevorder. Toon impak van innoverende ingrypings op OLA. Toon gevolglike groei in eie kennis.</p>	<p>Maak omvattend gebruik van relevante opvoedkundige literatuur as grondslag vir OLA-filosofie en -strategieë. Doen navorsing oor eie OLA en publiseer bevindinge. Het al minstens een referaat by 'n AvOL-konferensie geleer. Dra konsekwent by tot die uitbreiding van OLA-kennis. Neem deel aan professionele leergeleenthede en toon hoe dit OLA beïnvloed.</p>	<p>Bied leiding op OLA-gebied in fakulteits-, institusionele, nasionale en internasionale verband.</p>	<p>Sterk en konsekwente logiese vloei. Alle elemente van die narratief hou direk verband met die OLA-filosofie. Bylaes bied relevante, robuuste en uiteenlopende bewyse vir alle aansprake in die narratief. Narratief bevat konsekwente kruisverwysings/hiperskakels na bylaes.</p>	<p><b>1. Pdf:</b> a) Lengte: Narratief: 10-20 bl. Bylaes: maks.30 bl. b) Lettergrootte: 11 c) Reëlspsasiëring: 1½ d) Organisasie: slegs bondige bewyse en voorbeelde in narratief; volledige bewyse in bylaes.</p> <p><b>2. Digitaal/multimedia:</b> a) Lengte: Narratief: maks. 50 minute Bylaes: maks. 30 minute b) Gebruikersvriendelik ten opsigte van besigtiging van inhoud én hantering van dokument. c) Multimedia-insetsels met klankinhoud is duidelik hoorbaar. d) Organisasie: slegs bondige bewyse en voorbeelde in narratief; volledige bewyse in bylaes.</p>
<p><b>Uitmuntende portefeulje (opsomming) (raadpleeg 6.3):</b></p>							

### 6.1.2 Vakkundige opvoeder

Kontekstuele Bewustheid	Kritiese Besinning	Studente-betrokkenheid	Innoverende Praktyk	Akademieskap van Onderrig en Leer	Samehang	Aanbieding
<p>Toon kennis van maatskaplike en individuele kontekste waarin OLA plaasvind, en die impak daarvan op OLA. Hierdie kontekste sluit in dié van aansoeker, studente, en die lesse uit Covid-19 geleer. Toon kennis van studente se behoeftes, bv. keuse van OLA-metodes.</p>	<p>Dink doelbewus en stelselmatig na oor én dokumenteer OLA-praktyk, -kontekste, studente, kennis, en eie groei oor tyd. Beoordeel uitdagings en geleenthede verbonde aan kunsmatige intelligensie vir beide aansoeker en studente. Oorweeg eweknie- en studenteterugvoer oor OLA. Sluit kritiese burgerskap by OLA-filosofie en kurrikulums in, en modelleer verwante waardes. Pas relevante opvoedkundige literatuur toe in OLA-filosofie en -praktyk.</p>	<p>Betrek studente by OLA en maak hulle aktief deel van hulle eie kontak- én aanlyn leer. Toon impak van studente-betrokkenheid op OLA. Moedig studente-betrokkenheid by kontekste en burgerskap aan.</p>	<p>Gebruik kreatiewe en relevante OLA-strategieë in sowel kontak- as aanlyn OLA om studenteleer te bevorder. Lewer kommentaar op impak van innovasies op studenteleer en eie kennisgroei.</p>	<p>Maak gebruik van opvoedkundige literatuur as grondslag vir OLA-filosofie en -strategieë. Moes reeds minstens een referaat by 'n AvOL-konferensie of op enige ander institusionele OLA-platform gelewer het; byvoorbeeld, by 'n Auxin. Neem deel aan professionele leergeleenthede en toon hoe dit OLA beïnvloed. Dra by tot OLA wat verder as die klaskamer strek.</p>	<p>Narratief vloeï logies. Alle elemente van die narratief hou verband met die OLA-filosofie. Bylaes bied bewyse vir alle aansprake in die narratief. Narratief bevat kruisverwysings/hiperskakels na bylaes.</p>	<p><b>1. Pdf:</b> a) Lengte: Narratief: 10-20 bl. Bylaes: maks. 30 bl. b) Lettergrootte: 11 c) Reëlspasiëring: 1½ d) Organisasie: slegs bondige bewyse en voorbeelde in narratief; volledige bewyse in bylaes. <b>2. Digitaal/multimedia:</b> a) Lengte: Narratief: maks. 50 minute. Bylaes: maks. 30 minute b) Gebruikersvriendelik ten opsigte van besigtiging van inhoud én hantering van dokument. c) Multimedia-insetsels met klankinhoud is duidelik hoorbaar. d) Organisasie: slegs bondige bewyse en voorbeelde in narratief; volledige bewyse in bylaes.</p>
<p><b><i>Uitmuntende of Ontwikkelende portefeulje (opsomming) (raadpleeg 6.3):</i></b></p>						

### 6.3 Beskrywings van portefeuljes

Die volgende portefeuljebeskrywings kan as 'n bykomende riglyn vir die samestelling of beoordeling van aansoeke gebruik word. **Let wel:** 'n Aansoek om 'n *Vakkundige Opvoeder*-toekenning kan óf

*uitmuntend* óf *ontwikkeland* wees, maar 'n aansoek in die kategorie *Toonaangewende Onderwysvakkundige* moet *uitmuntend* wees.

### 6.3.1 Uitmuntend

Die portefeulje voer oortuigende gronde vir uitnemendheid aan deurdat die aansoekers oor veelvuldige aspekte van hulle konteks besin. Die portefeulje bied 'n duidelike beskrywing van die OLA-praktyk en verduidelik waarom die aansoekers daardie bepaalde benadering volg (in die OLA-filosofieverklaring). Die portefeulje word onderlê deur uitgebreide bewyse van die akademieskap van onderrig en leer. OLA-metodes is kontekstueel genuanseerd en strook met die OLA-filosofieverklaring. Die aansprake in die narratief word met robuuste en uiteenlopende bewyse gestaaf. Die aansoekers is voortdurend op soek na maniere om te verbeter, en is daartoe in staat om oor tyd heen en in reaksie op veranderende kontekste of nuwe begrip oor hulle eie groei te besin. Die aansoekers het 'n positiewe institusionele, nasionale of internasionale impak op onderrig en leer in die hoër onderwys. Die portefeulje lewer bewys van uitnemendheid in OLA wat as inspirasie kan dien vir, of beter begrip kan bewerkstellig van, hierdie noodsaaklike aspekte van die hoër onderwys.

### 6.3.2 Ontwikkeland

Die portefeulje voer gronde vir uitnemendheid aan deurdat die aansoekers oor aspekte van hulle konteks besin. Die portefeulje beskryf die OLA-praktyk en verduidelik waarom die aansoekers daardie bepaalde benadering volg (in die OLA-filosofieverklaring). Die aansoekers se OLA is gegrond op sekere bewyse van die akademieskap van onderrig en leer. OLA-metodes word aangepas by die konteks en strook met die OLA-filosofieverklaring. Die aansprake in die narratief word met bewyse gestaaf. Die aansoekers is op soek na maniere om te verbeter, en is daartoe in staat om oor tyd heen oor hulle eie groei te besin. Die aansoekers het ook buite die klaskamer 'n positiewe impak op OLA in die hoër onderwys. Die portefeulje lewer bewys van uitnemendheid in OLA wat beter praktyk kan bevorder en ander kan aanmoedig.

### 6.3.3 Belowend

Die portefeulje begin gronde vir uitnemendheid aanvoer deurdat die aansoekers oor aspekte van hulle konteks besin. Die portefeulje beskryf die OLA-praktyk en verduidelik waarom die aansoeker daardie bepaalde benadering volg (in die OLA-filosofieverklaring). Daar is een of twee verwysings na die akademieskap van onderrig en leer. OLA-metodes word aangepas by die konteks, maar strook dalk nie heeltemal met die OLA-filosofieverklaring nie. Net party aansprake in die narratief word met bewyse gestaaf. Die aansoekers is op soek na maniere om te verbeter. Die aansoekers het 'n positiewe impak op onderrig en leer in die hoër onderwys. Die portefeulje lewer bewys van die ontwikkeling van uitnemendheid in OLA.

**Let wel: *Belowende* portefeuljes is nog nie gereed vir benoeming nie, en behoort nie ingedien te word nie.** Indien die institusionele keuringspaneel 'n portefeulje van *ontwikkeland* of *uitmuntend* na *belowend* terugskuif, kan die aansoek vir verdere portefeulje-ontwikkeling na die betrokke fakulteit terugverwys word.